# Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel: 12

DIE SKEPPING VAN ALLE DINGE, VERAL VAN DIE ENGELE

Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgedink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het.



Hy het aan elke skepsel 'n … e wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om … skepper te dien. Hy onderhou en rege… almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag … mens te dien, sodat die mens s… n dien; en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappe… s en sy uitverkorenes t…

Sommige va… gele het uit die verhewenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige ve… val, maar die ander h… die genade van God in hulle toestand volhard en staande gebly. Die duiwels e… eeste het só ontaa… lle vyande van God sowel as van alles wat goed is.

Soos … aars loer hulle op die … lidmaat - … mag in die verderf te s… m alles … le bedrieëry te v…

D…


Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Saduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is;
ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.

Nederlandse Geloofsbelydenis

## DIE SKEPPING VAN ALLE DINGE, VERAL VAN DIE ENGELE

**Artikel: 12**

Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgedink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het.



Genesis 1:1: In die begin het God die hemel en die aarde geskep

Genesis 2:3: God het die sewende dag geseën; Hy het dit heilig verklaar, want op dié dag het Hy gerus van al sy werk – dit wat God geskep het deur dit te maak.

Jesaja 40:26: Kyk boontoe en sien! Wie het hierdie dinge geskep? Dit is Hy wat die hemelse leër een vir een uitlei, hulle almal op die naam roep. Deur die toedoen van Hom wat groot vermoëns en geweldige krag het, ontbreek nie een nie.

Jeremia 32:17: ‘Ag, HERE, my Heer, kyk, dit is U wat die hemel en die aarde gemaak het deur u groot krag en uitgestrekte arm! Niks is vir U onmoontlik nie.

Johannes 1:3: Alles het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het selfs nie een ding wat bestaan, ontstaan nie.

1 Korintiërs 8:6: Vir ons egter is daar een God, die Vader, uit wie alles is, en ons vir Hom, en een Here, Jesus Christus, deur wie alles is, en ons deur Hom.

Kolossense 1:15-16: Die Seun is die beeld van die onsigbare God, die Eersgeborene oor die hele skepping; want deur Hom het God alles geskep: alles in die hemel en op die aarde, die sigbare en die onsigbare dinge, of dit koninklike of heersende magte, owerhede of gesagvoerders is – alles is deur Hom en tot Hom geskep.


1 Timoteus 4:3: Hulle verhinder mense om te trou, en laat hulle sekere kossoorte vermy, terwyl God dit geskep het vir gelowiges, diegene wat die waarheid insien, om dit met dankbaarheid te geniet.

Hebreërs 11:3: Deur geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is. Gevolglik het dit wat gesien word, nie uit die sigbare ontstaan nie.

Openbaring 4:11: U is waardig, ons Here en God, om die heerlikheid en die eer en die krag te ontvang, omdat U alle dinge geskep het; deur u wil het alles ontstaan, is dit geskep.”

## DIE SKEPPING VAN ALLE DINGE, VERAL VAN DIE ENGELE





Hy het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy skepper te dien. Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien; en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien.

Genesis 1:29-30: God het gesê: “Kyk, Ek gee vir julle al die gewasse wat saad dra, wat op die oppervlakte van die hele aarde is, en al die bome waaraan daar vrugte is, wat saad dra. Vir julle sal dit as voedsel dien. En vir al die diere van die aarde en vir al die voëls van die hemel en alles wat rondbeweeg op die aarde waarin lewensasem is, gee Ek al die groen gewasse as voedsel.” Dit het toe so gebeur.

Psalm 34:8: Beproef dit en ervaar: Die HERE is goed, gelukkig is die mens wat by Hom skuil.


Psalm 103:20-21: Prys die HERE, julle wat sy boodskappers is, sterk helde wat sy woord uitvoer deur sy bevel te gehoorsaam. Loof die HERE, al sy hemelse magte, sy dienaars wat sy wil volbring.

Matteus 4:11: Toe het die Duiwel Hom met rus gelaat, en kyk, daar het engele gekom en Hom versorg.

Handelinge 17:25: Hy word ook nie deur menslike hande bedien, asof Hy aan iets behoefte het nie – dit is Hy wat aan almal lewe en asem, ja alles, gee.

1 Korintiërs 6:20: Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan met julle liggaam.

Hebreërs 1:14: Is hulle nie almal dienende geeste, wat uitgestuur word ter wille daarvan om hulle wat die verlossing sal beërf, by te staan nie?




## Sommige van die engele het uit die verhewenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf verval

Johannes 8:44: Julle kom van julle vader, die Duiwel, en julle wil die begeertes van julle vader uitvoer. Hy was van die begin af 'n mensemoordenaar, en hy staan nie by die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy 'n leuen vertel, vertel hy dit uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar en die vader daarvan is.

2 Petrus 2:4: Trouens, as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle oorgelewer het, deur hulle met boeie in die digte duisternis van Tartarus te werp, en hulle so tot met die oordeel gevange te hou;

**Tartarus:** Volgens die antieke wêreldbeeld 'n plek onderkant die aarde waar die geeste van afgestorwenes vertoef het in afwagting van die eindoordeel. Word ook vertaal as “hel”.

Judas 6: en dat Hy die engele wat hulle nie aan hulle magsgebied gehou het nie, maar hulle woonplek verlaat het, met ewige boeie in die duisternis in bewaring hou, vir die oordeel van die groot dag.




Sommige van die engele het uit die verhewenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf verval, maar die ander het deur die genade van God in hulle toestand volhard en staande gebly. Die duiwels en bose geeste het só ontaard dat hulle vyande van God sowel as van alles wat goed is.

Genesis 3:1-5: Die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. Hy het vir die vrou gevra: “Is dit werklik so dat God gesê het julle mag nie van enige boom in die tuin eet nie?” Die vrou het die slang geantwoord: “Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar oor die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê, ‘Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanraak nie, anders sterf julle.’ ” Die slang sê toe vir die vrou: “Julle sal beslis nie sterf nie. Maar God weet dat die dag wanneer julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan. Dan sal julle word soos God, wat goed en kwaad ken.”

Lukas 8:30-31: Jesus het hom gevra: “Wat is jou naam?” “Legioen,” het hy geantwoord, want baie demone het in hom ingevaar. Hulle het Jesus gesmeek om hulle nie na die onpeilbare diepte te laat weggaan nie.

1 Petrus 5:8: Wees nugter, wees waaksaam! Julle teenstander, die Duiwel, loop rond “soos 'n brullende leeu”, op soek na wie hy kan verslind.

**Soos moordenaars loer hulle op die kerk - ook op elke lidmaat - om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes.**



2 Korintiërs 2:10-11: En vir hom wat julle iets vergeef, vergeef ek ook. Wat ek inderdaad vergeef het – as ek iets vergeef het – was ter wille van julle, voor die aangesig van Christus, sodat Satan nie die oorhand oor ons kry nie. Ons is immers nie onbekend met sy planne nie.

2 Korintiërs 11:3: Maar ek is bang dat, soos die slang vir Eva met sy geslepenheid mislei het, julle gedagtes dalk bederf kan raak, verwyderd van die opregte en reine toewyding aan Christus.

2 Korintiërs 11:14: En geen wonder nie; want selfs Satan vermom hom as 'n engel van die lig!


Efesiërs 6:12: Vir ons is die stryd immers nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van hierdie duisternis, teen die bose geeste in die hemelruim.

Openbaring 12:4: Sy stert het 'n derde van die hemel se sterre saamgesleep en dit op die aarde neergegooi. Die draak het toe voor die vrou wat op die punt was om geboorte te skenk, gaan staan om, sodra sy geboorte skenk, haar kind te verslind.

Openbaring 12:13-17: En toe die draak sien dat hy op die aarde neergegooi is, het hy die vrou agtervolg wat geboorte geskenk het aan die manlike kind. Aan die vrou is egter die twee vlerke van die groot arend gegee, sodat sy na haar plek in die woestyn kon vlieg, waar sy vir 'n tyd, tye en 'n halwe tyd lank weg van die slang af versorg sou word. Die slang het toe uit sy bek 'n stroom water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgespoeg, om haar deur die stroom te laat meesleur. Die aarde het die vrou egter gehelp, sy mond geopen, en die rivier wat die draak by sy bek uitgespoeg het, ingesluk. Die draak was woedend vir die vrou, en het weggegaan om oorlog te voer teen die res van haar nageslag wat die gebooie van God nakom en vashou aan die getuienis wat Jesus gelewer het.

Openbaring 20:7-9: Wanneer die duisend jaar verstryk het, sal Satan uit sy gevangenskap losgelaat word. Dan sal hy optrek om die nasies tussen die vier uithoeke van die aarde, die Gog en Magog, op 'n dwaalspoor te lei, en om hulle te mobiliseer vir die oorlog. Hulle getal is soos die sand van die see. Hulle het van oor die breedte van die aarde opgeruk, en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel. Toe het daar vuur uit die hemel neergedaal en hulle verteer.

Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging.




Matteus 8:29: Skielik het hulle begin skreeu: “Los ons uit, Seun van God! Het U voortydig hierheen gekom om ons te pynig?”

Matteus 25:41: “Dan sal Hy vir dié aan sy linkerhand sê, ‘Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur, wat gereedgemaak is vir die Duiwel en sy engele.

Lukas 8:31: Hulle het Jesus gesmeek om hulle nie na die onpeilbare diepte te laat weggaan nie.

Openbaring 20:10: Die Duiwel wat hulle op 'n dwaalspoor gelei het, is toe in die poel van vuur en swael gegooi waar die dier en die vals profeet ook is. En hulle sal dag en nag gefolter word, vir ewig en ewig.

Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Saduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is



Handelinge 23:8: Want die Sadduseërs sê dat daar geen opstanding is nie, en ook nie engele of geeste nie, terwyl die Fariseërs bely dat dit alles bestaan.

Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Saduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is; ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.

## DIE SKEPPING VAN ALLE DINGE, VERAL VAN DIE ENGELE



Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgedink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het.

Hy het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy skepper te dien. Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien; en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien.

Sommige van die engele het uit die verhewenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf verval, maar die ander het deur die genade van God in hulle toestand volhard en staande gebly. Die duiwels en bose geeste het só ontaard dat hulle vyande van God sowel as van alles wat goed is.

Soos moordenaars loer hulle op die kerk - ook op elke lidmaat - om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes.

Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging.

Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Saduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is;
ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.

## DIE SKEPPING VAN ALLE DINGE, VERAL VAN DIE ENGELE



Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgedink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het[1].

Hy het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien. Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien; en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien[2].

Sommige van die engele het uit die verhewenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf geval[3], maar die ander het deur die genade van God in hulle oorspronklike toestand volhard en staande gebly. Die duiwels en bose geeste het só ontaard dat hulle vyande van God is sowel as van alles wat goed is[4].

Soos moordenaars loer hulle op die kerk - ook op elke lidmaat - om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes[5].

Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging[6].

Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Sadduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is[7]; ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.

1 Genesis 1:1; Genesis 2:3; Jesaja 40:26; Jeremia 32:17; Johannes 1:3; 1 Korintiërs 8:6; Kolossense 1:15-16; 1 Timoteus 4:3; Hebreërs 11:3; Openbaring 4:11
2 Genesis 1:29-30; Psalm 34:8; Psalm 103:20-21; Matteus 4:11; Handelinge 17:25; 1 Korintiërs 6:20; Hebreërs 1:14
3 Johannes 8:44; 2 Petrus 2:4; Judas :6
4 Genesis 3:1-5; Lukas 8:30-31; 1 Petrus 5:8
5 2 Korintiërs 2:10-11; 2 Korintiërs 11:3; 2 Korintiërs 11:14; Efesiërs 6:12; Openbaring 12:4; Openbaring 12:13-17; Openbaring 20:7-9
6 Matteus 8:29; Matteus 25:41; Lukas 8:31; Openbaring 20:10
7 Handelinge 23:8